


# KOERSVAS

Jaargang 5      Uitgawe 107   24Maart 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

Meld dit aan!

Hoeveel misdade word gepleeg? Hoeveel misdaad word aangemeld? Is die statistiek wat die polisie aanhaal 'n ware weerspieëling van die eiendomsverlies wat daar is? Volgens SAPD-statistiek is diefstal een van die min misdade wat met 1.5% gedaal het.

Die mense wat met die statistiek rondom misdaad werk, beweer dat die gruweldaad van verkragting en ander seksuele vergrype se insidensie nie verminder het nie, maar dat dit eerder minder aangemeld word. Dit gebeur weens 'n verskeidenheid van redes. Dit is 'n ontstellende bewering en verdien aandag van sy eie. Hierdie artikel wil op die statistiek rondom diefstal fokus.

Daar bestaan goeie redes om te vermoed dat die diefstal statistiek op 'n daling dui weens 'n wilsbesluit van ons eie mense. Die bewering is dat diefstal se insidensie gestyg het, maar net nie meer aangemeld word nie. Die redes vir hierdie nalatigheid om diefstal aan te meld, is kompleks, maar die voor-die-hand-liggende is die volgende:

- Die swak diens wat by baie polisiestases gelewer word. Soms is daar antagonisme teenoor mense wat 'n misdaad aanmeld, maar soms is dit gewoon 'n tekort aan personeel om almal se klagtes te hanteer. Daarmee saam is diefstal laag op die lys

van prioriteite weens die groei van ander ernstige misdade.

- Die versekering gaan nie uitbetaal nie, of die bybetaling maak dit nie die moeite werd om die diefstal aan te meld nie.
- Die aanmelding van die diefstal gaan te veel tyd in beslag neem en mense is te besig.
- Die frekwensie van diefstal maak dit moeilik om elke keer na die polisiestasie te gaan. Boere vertel van weeklikse saakbeskadiging (byvoorbeeld drade wat geknip word). Soms daaglik. Plase se ankerpale en drade word gesteel en as skroot verkoop, soms tot twee keer per week.
- Somtyds word die diefstal eers dae later ontdek en dan word gedink dit gaan geen doel dien om die verlies aan te meld nie.

Daar is verskeie goeie redes om al hierdie verliese weens diefstal aan te meld.

1. Die statistiek word skeefgetrek weens hierdie nalatigheid. Dit laat die polisie, politici en die gemeenskap onder 'n valse indruk.
2. Indien elke diefstal aangemeld word, kan daar 'n beter prentjie van misdaad gevorm word sodat daar beter beplan kan word om dit te bekamp.
3. Die skewe statistiek het tot gevolg dat polisielede herontplooï word omdat hulle valslik dink dat die personeel elders "beter" aangewend kan word. Alle misdaad aangemeld in jou omgewing, gaan meer polisiepersoneel beteken en indien almal dit

doen, kan dit dalk 'n groter ledetal in die polisie beteken. Daarmee saam gaan daar druk op die polisie wees om die misdaad op alle vlakke te beveg.

4. Die polisie en die media skep die indruk dat iemand wat homself en sy eiendom beskerm, (buite regverdigings-raamwerke) gewelddadig opgetree het. Indien jy byvoorbeeld elke diefstal aanmeld en in die misdaadregister laat inskryf, is daar 'n rekord van jou lyding. Wanneer jy daarop aandring dat hulle aanteken dat jy bedreig voel en dat jou veiligheid nie verseker is in die konteks van herhaalde diefstal nie, word jou kommer geboekstaaf. In die verskriklike situasie waar jy jouself en jou gesin dan moet beskerm, gaan geen vinger na jou gewys kan word nie.

5. Deur diefstal aan te meld, gaan die ernstiger misdade verminder. Misdaad tel momentum op in die lewe van die misdadiger. Bitter min veroordeelde kriminele begin met moord en roof. Die klein steel word groot steel. Met hoe meer jy wegkom, hoe meer waagmoed het jy.

6. Dalk kan ons veranderings in wetgewing afdwing deur die owerhede onder die indruk te bring van die misdaad-tsunami wat ons land binnegedring het.

Daar waar die polisie weens die frekwensie van aanmelding begin weier om dit aan te teken, moet ons oorweeg om beëdigde verklarings af te lê en dan een kopie te hou en een vir die aanklagkantoor te gee.

Miskien moet dorpies of woonbuurte dit oorweeg om ook eie misdaadstatistiek by wyse van bakkiesblad of Whatsapps by te hou.

Ons is saam met al die slagoffers van roof en moord hartseer. Ons wil nie hulle lyding minder maak of afmaak nie. Ons wil dat wet en orde gedy in hierdie land van ons. Dit is in landsbelang om alle misdaad aan te meld. Dit is ons elkeen se belang.

## **BERIGTE EN KENNISGEWINGS**

### **REFORMASIE**

Oktober hierdie jaar vier ons die 500ste bestaansjaar van die Protestantisme. Daar sal baie vieringe rondom die gebeurtenis wees en Koersvas mooi gemeenskappe uit om hulle vierings se gegewens vroegtydig deur te stuur.

#### **UITNODIGING NA EERSTE HERDENKINGSGELEENTHEID IN DIE FEESJAAR VAN DIE VYFDE EEUFEES VAN DIE KERKHERVORMING**

Graag nou ons gemeente u uit na die eerste herdenkingsgeleentheid tydens hierdie feesjaar waarin ons die Here God loof en dank vir sy ingrype in die Kerkgeskiedenis sodat alle dwaalleer daaruit geweier kon word en die ware suiwer en "vrolike evangelie" weer in die volkstale van die wêreld in die Bybel gelees en van die kansel gehoor word. Regoor die land word groot feesvieringe vir Oktobermaand beplan, maar ons wil graag deur die jaar belangrike datums herdenk wat direk in verband staan met die Kerkhervorming. Die eerste van hierdie datums is 6 April, waarop ons natuurlik die koms van Jan van Riebeeck in 1652 en saam met hom die Gereformeerde geloof na ons land herdenk. Kort daarna volg 13 April waarop ons die koms in 1688 van die Hugenote, wat weens Roomse vervolging moes vlug, herdenk. Hierdie twee gebeure word saam herdenk tydens 'n geleentheid waar alle Gereformeerde (of dan nou Hervormde) gelowiges wat nog vashou aan die onvervalste Bybelse waarhede baie welkom is. Kom word deel van 'n groep oor kerkgrense heen wat die werklike maagdelike geboorte en die werklike fisiese opstanding van Christus bely. En wat dit nie aanvaar dat elkeen maar kan glo soos hy of sy wil nie. U weet: "As jy so wil glo is dit goed

maar ek glo dat Maria deur 'n Romeinse soldaat verkrag is en só swanger geword het. En dat Christus slegs in die gedagtes van die dissipels opgestaan het." Elkeen wat homself en haarself gebonde voel aan die onvervalste kerklike belydenis soos uitgedruk in die drie ekumeniese formuliere en die drie belydenisskrifte, is hartlik welkom. Besonderhede van die geleentheid

Datum: Donderdagaand 6 April 2017

Tyd: 18:00 – 20:00

Plek: Kerkgebou en saal van die APK Bainsvlei H/v Elias Motsoaledistraat & Topsy Smithlaan, Langenhovenpark, Bloemfontein S 29° 06' 05.35" en O 26° 09' 49.72"

Toegang: Gratis Daar sal wel 'n vrywillige kollekte wees: ONAFHANKLIKE HERVORMDE GEMEENTE BLOEM-FONTEIN om die onkoste van die aand te dek as begin van die monumentfonds

Program:

18:00 Opening met Skriflesing, gebed en sang Verwelkoming

18:20 Toespraak: Prof AWG Raath 19:00 Vrae en bespreking

19:20 Volgende geleentheid iets oor die voorgestelde monument

19:30 Koffie, tee en verversings

Ons sien uit na u teenwoordigheid! Dit sal hoogs waardeer word indien u moontlik getalle van mense wat die geleentheid gaan bywoon, kan deurgee voor of op Saterdag 1 April 2017.

Posbus 11 539, Universitas, 9321

Predikant Ds LJ (Lewis) Strauss

Sel: 076 061 0129 - Huisnr: 051 522 4956

E-pos: [ljstrauss@lantic.net](mailto:ljstrauss@lantic.net)

Skriba Sr C (Carien) Ackerman E-pos: [cackerman@hotmail.co.za](mailto:cackerman@hotmail.co.za)

Sel: 083 454 9227

**REISENDE BYBELUITSTALLING**

Mediaverklaring

23 Maart 2017

Hervorming 500jaar (1517-2017)

Die Waterberg Gereformeerde kerkmuseum stel 'n "reisende uitstalling" aan Belydeniskerke beskikbaar as bydrae tot die 500 jarige herdenking van die Hervorming. Die uitstalling verbeeld 'n snit in die geskiedenis van die Bybel, beginnende by die eerste Bybel in druk (1456) – voor die Hervorming – en kanonieke vertalings gedurende en na die Hervorming.

Maartin Luther was die grondlegger van die Bybel in Duits (1534). Dit is opgevolg deur die Engelse vertaling van Tyndale, die sg. King James version (1611), die Nederlandse Statebybel (1637) en die Afrikaanse Bybel (1933).

Hierdie aangrypende verhaal word uitgebeeld deur foto's, faksimilee-herdrukke en modelle van die verskillende Bybels, aangevul deur 'n kort klankbaan en kort beskrywings.

'n Reisprogram, wat op 6 April in Kaapstad begin en op 16 Des. in Krugersdorp eindig word tans afgerond. (Belangstellendes kan nog inskakel)

Die bedoeling van die uitstalling is om belangstelling vir die herdenking van die grootste gebeurtenis na Pinkster, die Hervorming, te prikkel. Dit word aangebied in samewerking met die Calvinistiese Alliansie wat plaaslike kerke wil aanmoedig om hierdie groot gebeurtenis te herdenk.

Navrae kan gerig word aan:

Skakelbesonderhede:

Calvinistiese Alliansie  
 Tel: 079 500 2332  
 Epos: tkr@lantic.net  
 Geref. Kerkmuseum Waterberg  
 Telefonies: 014 717 3264 of 014 717 2037  
 Epos: verslank@lantic.net  
 Webtuiste:  
 www.calvinistiesealliansie.co.za  
 Feesgroete  
 H.v.d.Wateren

### **KATEGESE BERAAD**

Kategese beraad 2017

Daar sal by 'n volgende geleentheid volledig verslag gedoen word oor die beraad. Ons bring enkele sake onder u aandag. Tydens die gesprekke rondom kategese in die GHG het die verskeie konsensuspunte na vore gekom.

Dit is belangrik dat predikante, kerkrade en kategete bewus moet wees en instem tot hierdie konsensuspunte.

Tydens die laerskooljare asook die graad 8 jaar sal daar aandag geskenk word aan die Bybelse inhoud. Dit beteken dat die kinders wie se ouers regtig omgee, in 'n siklus van drie jaar, drie keer deur die Bybel sal werk en 'n grondige kennis van die Bybel besit.

Die laaste drie jaar (Graad 9-11) gaan daar aan temas en beginsels gewerk word. Die ideaal is dat die dopeling - voornemende belydende lidmaat aan vier vereistes voldoen wanneer die persoon voor die kansel staan:

1. Die persoon moet die basiese geloofskennis en vertrouwe besit betreffende God Drie-Enig, dit wil sê Vader, Seun en Heilige Gees.

2. Die persoon moet 'n goeie begrip en kennis besit rakende die besef van sonde, verlossing en blye dankbaarheid.

3. Die persoon moet weet waarom hy of sy juis voor 'n GHG kansel staan om geloof te bely (eie identiteit en kerkgeskiedenis).

4. Die persoon moet die emosionele en intellektuele gereedskap hê om enige morele probleem of sosiale uitdaging in die gemeenskap aan te kan spreek en op te los.

Die Bybel sal telkens sentraal staan in die aanbieding van kategese. Die Heidelbergse Kategismus sal dien as basiese kurrikulum vir die werk wat gedoen word. Die Nederlandse geloofsbelydenis, die Dordtse leerreëls en die drie geloofsbelydenisse sal hierby ingeskuif word. Relevante temas sal behandel word waar dit gepas is.

Die betrokkenheid van ouers is van kardinale belang. Ouers word deur die kategese bygestaan in die uitvoer van die doopbelofte; kategese word nie deur ouers bygestaan nie.

### **GEMEENTENUUS RUSTENBURG DAMESTEE**

Kom geniet saam met ons 'n Dames Oggendtee met gaskunstenaars Henry van Dyk en Estie Pienaar. Kom en geniet haar raakvat sêgoed vir vrou-wees.

Saterdag **13 Mei 2017**, Hervormde Kerk Rustenburg, 9:30 vm. vir 10:00 vm, Koste beloop R150.

Indien enige belangstelling, kontak Mari 084 208 7445 of Lucia 083 265 3341

### **BYBELVASVRAE**

Jeugwerkers moet asseblief van die volgende kennis neem

Gemeente vasvra: **30 Julie 2017**

Streeksvasvra: **13 Augustus 2017**

Finaal: **27 Augustus 2017**

Bestek:

Laerskool: 1 Timoteus; HK Sondag 31 tot 44  
Hoërskool en Ope afdeling: 1 en 2 Timoteus;  
HK Sondag 31 tot 44

Gemeentes sal nog skrywes in die verband ontvang.

### **MAKWASBYEENKOMS 2017**

Makwasbyeenkoms vir emeriti en enige ander belangstellende GHG-predikante te Premiemyn DV 9 Junie 2017. Maak die datum nou al vas.

Predikante en hul gades is ook welkom.

### **ADAM TAS IN CULLINAN**

Kom kuier more Saterdag 25 Maart saam met ons en Adam Tas, liedjieskrywer en sanger met diep liedjies en die diep rasperstem. Bespreek betyds by

Alta 060 798 9209

Sal u asseblief die inligting aanstuur na van u vriende? **Sien Foto 1 onderaan Koersvas**

Vriendelike groete, Yvette Otto

### **KOMMENTAAR BESKIKBAAR**

Die kommentaar van die Apostolicum is beskikbaar @R140 per eksemplaar. Eerste 30 boeke R120. [jotto1@absamail.co.za](mailto:jotto1@absamail.co.za).

082 767 7891 "EK EN ONS GLO:

**Sien foto 2 onderaan Koersvas**

### **OORNAG FASILITEITE**

Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of e-pos haar by [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

### **GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

### **DANKBUNDEL**

Lidmate wat belangstel in prof HG van der Westhuizen se dankbundel moet met ds Jaap Steenkamp skakel.

### **GELOOFSBONDKWILT 2 (2017)**

Die GHG dames se fondsinsameling is ten bate van ons teologiese studente. Lootjies is beskikbaar by u eie gemeente. (sien foto onder)

Elke gemeente word versoek om 3 of meer lyste se kaartjies te verkoop. Lootjies word tydens die GHG-byeenkoms getrek.

Hoe vorder u gemeente se lootjieverkope?

Het u al lootjies geneem?

### **DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

# FOTO 1


6

A photograph of a young man, Adam Tas, sitting and playing an acoustic guitar. He is wearing a dark denim shirt and blue jeans. The background is a rustic wooden wall.

Adam Tas

25 Maart 2017 om 19:00  
Hervormde Kerk, Cullinan  
H/v Zonderwater & R515  
R130-00 per persoon  
Kerrie & Rys R30-00  
Besprekings:  
060 798 9209

# FOTO 2

The cover of a book titled 'Ek en Ons Glo' by Dr. Johan Otto. The cover art features a landscape with a large tree on the left, a body of water in the middle, and a rocky shore on the right. The text 'GEOLOFSBELYDENISSE' is written along the tree, 'NICEA' is written on the water, and 'APOSTOLICUM' is written on the rocks.

Ek en Ons Glo

GEOLOFSBELYDENISSE  
NICEA  
APOSTOLICUM

Dr Johan Otto



GELOOFSBONDKWILT 2  
Lootjies R20 by eie gemeente